Motheo
Onderwysdistrik

AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL

Vraestel 1

Junie 2015

PUNTE: 120

GRAAD: 10

TYD: 2½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:

   AFDELING A: Leesbegrip (30 punte)
   AFDELING B: Opsomming (10 punte)
   AFDELING C: Taal (40 punte)
   AFDELING D: Letterkunde (40 punte)

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

4. Trek 'n streep ná elke afdeling.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

7. Gee besondere aandag aan spelling en sinsbou.

8. Voorgestelde tydsindeling:
   AFDELING A: 50 minute
   AFDELING B: 30 minute
   AFDELING C: 40 minute
   AFDELING D: 30 minute

9. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: LEESBEGRIP

VRAAG 1
Teks A: Koerantartikel

Lees die artikel en beantwoord die vrae.

	Seun stap 200 km vir hulp
1.	As jy nie lus is om met ’n taxi na ’n dokter te ry nie, moet jy aan Lambert Mwamba dink. Hy is ’n seun van 15 wat 200 km gestap het om by ’n dokter te kom. Hy kon amper niks eet nie omdat sy tong al hoe groter geswel het.
2.	Lambert kom van ’n baie arm dorpie, Kisengwa, in die Demokratiese Republiek van die Kongo (*DRK*). Kisengwa is 200 km van Kabinda waar daar ’n hospitaal is.
3	Lambert het gekla dat daar iets soos ’n eier onder sy tong groei. Toe hy nie meer kon eet nie het sy ouers gesien daar is fout. Geen tradisionele dokter kon hom help nie. Die ouers het besluit om Lambert en sy broer na Kabinda te laat stap. Sy broer was 21 jaar oud en kon na Lambert kyk. Dit het twee weke geneem om tot by Kabinda te stap.
4	Die dokters by die hospital wou nie vir Lambert opereer nie. Gelukkig het hy toe dr. Kabwe ontmoet. Dr Kabwe het foto’s geneem en dit vir dr. Sileko in Suid-Afrika gestuur.
5	Dr. Sileko het die storie van Lambert gehoor en dit vir die Suid-Afrikaanse Minister van Gesondheid vertel. Die minister het besluit om vir Lambert na Suid-Afrika te laat kom. Hier sou hy deur Suid-Afrikaanse dokters geopereer word.
6	Toe Lambert in Kaapstad gekom het, was die knop al so groot soos ’n appel. Op 5 April is die knop uitgesny. Die operasie is deur ’n klomp dokters gedoen. Hulle leier was dr. Karpolowsky van die Rooi Kruis Kinder-hospitaal. Lambert het amper dadelik na die operasie brood en vleis geëet. Brood en vleis is vir hom baie lekker.
7	Dr. Kabwe, wat saam met Lambert na Suid-Afrika gekom het, sê dat Lambert baie dapper is. Lambert is sy held en moet ’n kans in die lewe kry.
	[Verwerk uit *Die Burger* 9 April 2006 en Vraestelboek van Trippel-H Hulpbronne]

1.1 Hoe oud is Lambert? (1)

1.2 Wanneer moet jy aan Lambert dink? (1)

1.3 Wat het Lambert makeer? (1)

1.4 In watter dorpie bly Lambert? (1)

1.5 Hoe ver bly Lambert van die naaste hospitaal? (1)

1.6 Voltooi:
Die land waar Lambert bly se naam is ... (1)

1.7 Kies die korrekte ANTWOORD. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A-D) neer.

Lambert se ouers het hom eerste na ’n ...

A kliniek geneem.
B suster geneem
C tradisionele dokter geneem.
D toordokter geneem. (1)

1.8 Wie het saam met Lambert na Kabinda gestap? Hoe oud is die persoon wat saam gestap het? (2)

1.9 Sê hoekom die die volgende stelling waar is. Motiveer jou antwoord met ’n sin uit paragraaf 3.

Kabinda is baie ver van Kisengwa. (1)

1.10 Hoe weet ons dat dr. Kabwe vir Lambert wou help? (1)

1.11 Watter dokter in Suid-Afrika het dr. Kabwe geken? (1)

1.12 Voltooi: Dr. ... het vir die Minister van Gesondheid van Lambert vertel. (1)

1.13 Noem TWEE besluite wat die Minister van Gesondheid geneem het. (2)

1.14 Wanneer is die operasie gedoen? (1)

1.15 Kies die regte antwoord en skryf net die vraagnommer en die regte letter neer:

Die leier van die dokters wat die operasie gedoen het se naam was ...

A dr. Kabwe
B dr. Sileko
C dr. Karpolowsky
D dr. Kabinda (1)

1.16 Waar werk die dokters wat vir Lambert geopereer het? (1)

1.17 Wat het die dokters tydens die operasie op Lambert uitgesny? (1)

1.18 Noem TWEE dinge wat Lambert amper dadelik na die operasie geëet het. (2)

1.19 Dink jy ook dat Lambert baie dapper is. Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (2)
(23)

Teks B: Strokiesprent

Raampie 1	Raampie 2	Raampie 3

1.20 Kies die korrekte ANTWOORD. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A-D) neer.

Die twee mans in raampie 1 is...

A by 'n drankwinkel.
B op die hoek van die straat.
C by 'n taxi staanplek.
D by die poskantoor. (1)

1.21 Waar dink jy het man 1 die slimfoon gekry? (1)

1.21 Voltooi: Ons weet Man 1 in raampie 2 is baie bly oor die foon omdat hy ... (1)

1.23 Kies die korrekte ANTWOORD. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A-D) neer.

.

Man 2 in raampie 2 is jaloers omdat hy ...

A sê dat die ander man nie 'n huis het nie.
B slordig aangetrek is.
C 'n baadjie aan het.
D met die ander man praat. (1)

1.24 Watter woord in raampie 3 sê vir ons dat man 1 rekenaars se taal ken? (1)

1.25 Wat beteken dit as 'n mens nie 'n dak het nie? (raampie 3) (1)

1.26 Hoe weet ons dat man 2 in raampie 3 nie gelukkig is nie. (1)

TOTAAL: [30]

AFDELING B

TEKS C: VRAAG 2

Instruksies

- Lees die teks aandagtig deur.
- Som die wenke in **sewe volsinne** op.
- Jy mag nie meer as een sin oor elke wenk skryf nie.
- Nommer jou sinne van 1 tot 7.
- Laat ’n reël oop na elke sin.
- Jou opsomming mag nie langer as 60 woorde wees nie.
- Dui aan die einde van die opsomming aan hoeveel woorde jy gebruik het.

Volg hierdie wenke om medisyne reg te gebruik en reg te bêre

• Dit is belangrik om medisyne op ’n koel plek te bêre. Medisyne moet onder 25°C gehou word. Hitte kan medisyne minder doeltreffend maak.

• Vogtigheid kan medisyne ook minder doeltreffend maak. Bêre medisyne dus liewer nie in ’n badkamer of ’n baie vogtige plek nie. Medisyne moet op ’n droë plek gebêre word.

• Omdat jong kinders nuuskierig is, is dit belangrik dat medisyne gebêre word waar kinders nie daarby kan uitkom nie, soos in ’n kassie wat gesluit kan word.

• Kyk altyd of medisyne die regte tekstuur het. Nat en poeierige pille moenie gebruik word nie.

• Kinders en volwassenes se liggame verwerk medisyne op verskillende maniere en ’n mens moet meer medisyne drink nie. Selfs een ekstra milliliter van sekere soorte medisyne kan ’n groot verskil maak, en soms selfs tot die dood lei. Korrekte dosisse vir kinders word deur hul gewig bepaal en ouers moet dus rekord van hul kinders se gewig hou. Neem altyd die korrekte dosis.

• Kyk op die etiket wanneer medisyne verval. Medisyne moet nooit na die vervaldatum wat op die etiket verskyn, gebruik word nie.

• Moenie medisyne wat al lank in ’n kas is en nie gebruik is nie, in die toilet wegspoel of saam met huishoudelike rommel weggooi nie. Die beste raad is om ongebruikte medisyne na ’n apteker te neem.

[10]

AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

VRAAG 3: ADVERTENSIE

Lees die advertensie en beantwoord die vrae.

Kom na die (sokker + wedstryd) by Leratong hoerskool!

Jy is baie welkom om te kom kyk na die wedstryd tussen Leratong en Ntumediseng!



Kom kyk hoe Leratong se sokkerspan wen!

Kom koop ook:

Heerlike braaivleis	**Koeldrank**	**Roomys**
R20	**R5**	**R2.50**

Ons speel netbal teen Seemahale.
Al die skoolkore tree op.
Kgauho se trompoppies begin die sokkerwedstryd!

Alle ouers, boeties en sussies is baie welkom!

[Advertensie geskep deur eksaminator]

3.1 Skryf die woorde (sokker+wedstryd) as EEN woord. (1)

3.2 Kies die regte spelling van die woord in reël 2 en skryf dit neer.
(hoerskool/hoërskool) (1)

3.3 Kies die korrekte ANTWOORD. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A-D) neer.

Watter woord in reel 2 sê dat almal maar kan kom?

A welkom
B kyk
C wedstryd
D tussen (1)

3.4 Die woord “tussen” bestaan uit die lettergrepe tus-sen.

Verdeel die woord **wedstryd** in lettergrepe en skryf dit neer. (1)

3.5 Gee die VERKLEININGSVORM van die woord **roomys** in reël 10. (1)

3.6 Gee die MEERVOUD van die woord **koeldrank** in reël 10. (1)

3.7 Skryf die syfer **5** as ’n woord. (1)

3.8 Kies die korrekte ANTWOORD. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A-D) neer.

Daar is baie prentjies in die advertensie omdat

A die mense moet sien wat die dag gebeur.
B dit mooi is.
C dit die advertensie nie mooi laat lyk nie.
D dit interessant is. (1)

3.9 Skryf die sin in reel 15 in die VERLEDE TYD.
Alle ouers, boeties en sussies is baie welkom! (1)

3.10 Hoekom is die sin in reel 15 in groot, swart letters geskryf? (1)

[10]

VRAAG 4: STROKIESPRENT

TEKS E

[Verwerk uit *Die Burger* Spotprente]

4.1 Skryf die sin in die VERLEDE TYD.

Ma loer om die deur.
Begin so: Ma ... (1)

4.2 Skryf die sin in die TOEKOMENDE TYD.

Die seun lê op die bed.
Begin so: Die seun (1)

4.3 Skryf die sin in 'n VRAAGSIN. Begin met die onderstreepte woord.

Die radio <u>speel</u> kliphard. (1)

4.4 Skryf die sin in die indirekte rede.

Ma sê: Die kamer is so deurmekaar.
Begin so: Ma sê dat (1)

4.5 Gee 'n ANTONIEM vir netjies. (1)

4.6 Gee die INTENSIEWE VORM van kwaad in die volgende sin:
Ons is baie kwaad. (1)

4.7 Skryf die woord wat in die sin met ’n HOOFLETTER gespel moet word, neer.
Die seun, thabo lê op die bed. (1)

4.8 Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies.

Die seun se kamer is (vuil) as ’n ashoop. (1)

4.9 Skryf die volgende sin as ’n BEVELSIN.
Jy maak jou kamer netjies.
Begin so: Maak ... (1)

4.10 Skryf ’n KOMMA op die regte plek in die sin. Onderstreep die komma wat jy ingevul het.

Die lamp lê op die tafel want dit het omgeval. (1)
[10]

VRAAG 5

VRAAG 5.1

TEKS F

Gebruik die teks om die vrae te beantwoord.

	Gesonde eetgoed
	Ontbyt is die (5.1.1) belangrik ete van die dag. (5.1.2) ’n/Die beste pap om te eet is oats of mieliepap. Moenie te veel suiker op die pap eet nie. Eet pap en melk. Dit is (5.1.3) goedkoop en gesond. Groente is ook belangrik. Eet baie groen groente soos spinasie en boontjies. Beet is ook gesond omdat dit baie yster het. Wortels gee vir tieners baie vitamine C. Pampoen het baie suiker. As mens genoeg pampoen eet is dit nie nodig om lekkers te eet nie. Vrugte is gesond vir tieners. Dit is so dat een appel ’n dag ’n tiener gesond hou. Lemoene en nartjies sorg dat tieners nie verkoue kry nie. (5.1.13) Perskes/perskies is ook lekker soet en dit keer dat jy baie lekkers eet. Drink water en nie gaskoeldrank nie. Water is (5.1.14) ’n/die goedkoopste koeldrank wat daar is.

5.1.1 Gee die regte vorm van die woord “belangrik”. (1)

5.1.2 Kies die regte LIDWOORD en skryf dit neer. (1)

5.1.3 Gee die INTENSIEWE VORM van “goedkoop”. (1)

5.1.4 Skryf die sin in ’n VRAAGSIN. Begin met die onderstreepte woord.
Groente is ook belangrik. (1)

5.1.5 Skryf die sin in die VERLEDE TYD.

Baie kinders eet groente.
Begin so: Baie kinders het ... (1)

5.1.6 Skryf die sin in die TOEKOMENDE TYD.

Wortels gee vir tieners baie vitamine C.
Begin so: Wortels sal ... (1)

5.1.7 Skryf die sin in die INDIREKTE REDE.

Juffrou sê: Pampoen het baie suiker.
Begin so: Juffrou sê ... (1)

5.1.8 Gee die VERKLEININGSVORM van “lekkers”. (1)

5.1.9 Gee die MEERVOUD van “appel”. (1)

5.1.10 Gee die OORTREFFENDE TRAP van “soet”. (1)

5.1.11 Rangskik die woorde tussen hakies in die regte volgorde. Skryd die sin oor.

Die tiener drink koeldrank (vinnig, by die Spaza, vandag). (1)

5.1.12 Skryf die sin in die ONTKENNENDE VORM.

Water is die goedkoopste koeldrank wat daar is. (1)

5.1.13 Kies die regte spelling van die woord perskes/perskies. (1)

5.1.14 Kies die regte lidwoord en skryf dit neer. (1)

[14]

TEKS G: Prent

[Geneem uit izi Xhosa taal handboek]

5.2.1 Kies die korrekte WOORD tussen hakies.

Die (minister/predikant) trou die bruid en bruidegom. (1)

5.2.2 Vul ’n **komma** en ’n **punt** in die volgende sin in en onderstreep dit

Die pa ma en boeite sit op die bank (2)

5.2.3 Kies die regte woord tussen hakies:

Die dogtertjie is (verbaas/gebaas) oor die mooi trourok. (1)

5.2.4 Kies die regte woord tussen hakies.

Die man (wys/weis) met sy vinger. (1)

5.2.5 Kies die regte woord tussen hakies.

Die bruidegom dra ’n (bril/brille) (1)

[6]

[TOTAAL AFDELING C: 40]

AFDELING D: LETTERKUNDE:

ANTWOORD DIE VRAE OOR DIE VOLGENDE KORTVERHAAL

VRAAG 6 : LEHLOHONOLO deur Fanie Viljoen

Lees die onderstaande teks en beantwoord dan die vrae.

Dit is nog vroeg toe Lehlohonolo by die taxistaanplek in die stad aankom. Sy oupa, Kagiso, het hom gevra om die dag uit te help by sy kosstalletjie. Oupa Kagiso moet dokter toe gaan en het vir Hloni twintig rand beloof as hy die stalletjie beman. Hloni help sy oupa. En twintig rand is mos baie geld.

1. Deur wie is Lehlohonolo geskryf? (1)
2. Wie is Lehlohonolo se oupa? (1)
3. Wat verkoop sy oupa? (1)
4. Waar verkoop sy oupa die goedere? (1)
5. Kies die korrekte woord.

   Die dag toe Lehlohonolo gewerk het, was dit (koud; reënerig) (1)
6. Noem TWEE kosse wat Hloni eerste begin maak het. (2)
7. Noem TWEE redes waarom Hloni nie wou gehad het dit moes reën nie. (2)

8. Wat is ‘n kwaaddoener? (2)

9. Waarom het Hloni die geldblikkie weggeskuif? (1)

> “Bonang, help my!” roep Hloni, maar die koswaentjie se deur swaai oop en Bonang spring uit. “ Dit was hy!” roep Tokoloho.

10. Waarom het Hloni die waentjie se deur toegemaak? (1)

11. Waar het Tokoloho ‘n meswond gehad? (1)

12. Hoe het Hloni sy geldblikkie terug gekry? (1)

13. Wat het Hloni ontdek toe hy vir Tokoloho gehelp het? (1)

14. Watter TWEE lesse leer jy uit die kortverhaal? (4)

(20)

TOTAAL AFDELING D: [20 ×2=40]

GROOTTOTAAL: 120